



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

21 Februarie 2021

Eerste Sondag in Lydenstyd

Lydenstyd (die tyd tussen Aswoensdag en Paasfees) is 'n tyd van bepeinsing en stilte. Afsondering is daarom baie nodig. Hoewel daar in hierdie tyd baie nagedink word oor God se oordeel oor die sonde is dit ook 'n tyd om ons te verwonder oor die kruisiging as dié liefdesdaad van alle tye.

Lydenstyd is 'n gereedmaak om vernuwing in ons lewens te ontvang. Die pynlikheid van die erkenning van ons eie sonde is hiervoor noodsaaklik. Verootmoediging, skuld belydenis en boetedoening is in hierdie tyd prominent, maar dit staan alles in die teken van die nuwe lewe wat ons simbolies ontvang op Paassondag.

Van die wonderlikste kerkmusiek is Lydensmusiek. Hierdie musiek is 'n gawe aan ons om in hierdie tyd die lyding van die Here Jesus Christus te beleef.

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-13

Tema: God se weë is nie ons weë nie

As dit sleg gaan, sê mense graag: "Nou ja, ons moet maar berus en tevrede wees. Die Here se gedagtes is nie ons gedagtes nie, en sy weë is nie ons weë nie." Dit staan presies so in Jes 55:8! Maar is dit 'n uitspraak wat ons moet laat berus?

Ons Program

Vandag: Eerste Sondag in Lydenstyd

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Deuroffer:** CLF ná die erediens.
- **Kategese** (hoërskoolleerders) ontmoet ds Jaco ná die erediens in die kerk.
- **Tee en verversings** – Julle kan dit in die voorportaal kry en buite onder die bome geniet. Baie dankie aan Bokkie Hartzer en Wyk 1 se susters.

Dinsdag 23 Februarie

- **Bybelskool** om 18:00-19:00 in die kerksaal: Bybelstudie-metodes en hulpmiddels. Almal is welkom. Bring net jou Bybel en 'n skryfding saam asb.



Volgende Sondag: Tweede Sondag in Lydenstyd

- **Erediens** om 9:30 olv ds André Oosthuizen van Universitas..
- **Deuroffer:** Hulpfonds vir Sinodale Pensioenfonds


- Die **Sondagskool** begin. Ouers en laerskoolleerders ontmoet Adél Venter in die kerk ná die erediens om praktiese reëlings te tref.
- **Tee en verversings** – Minnie Griessel. Lallie van Vuuren en Wyk 2.

Bybellees-program

- Ons maak (DV) eerskomende Donderdag met die boek **Spreek** klaar en gaan dan eers stop, aangesien ds Jaco die katerakte in sy oë laat verwyder. Sodra hy weer reg is, sal die leesprogram hervat. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).

Wêreldbiddag vir Vroue: Vrydag 5 Maart

- Biduur om 10:00 in die kerk, gelei deur Elmien Thom. Tema: *'n Lewe gebou op 'n vaste Rots*. Dis 'n groot geleentheid elke jaar. Kom asseblief en bid saam met vroue die wêreld oor. Daar sal 'n verversinkie ook wees.



Só glo ons oor Jesus – NGB Art 20

Ek glo ...

Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het, en so sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.


Allerlei

Uit die Kerkraadsvergadering

- **Kerkaktiwiteite hervat.** Behalwe die erediens, gaan ons ook weer begin met wyksbyeenkomste en kategese, natuurlik met in agneming van die nodige protokolle om almal teen die virus te beskerm.
- Die kerkraad het **Adél Venter** verkies as **Sondagskool-hoof**. Baie geluk, Adél! Ons weet jy is al lank met hierdie saak besig, en bid jou seën en sterkte toe vir hierdie groot verantwoordelikheid.
- Die kerkraad het groot planne oor **hoe ons nou kerk kan wees** ondanks die pandemie. O.a. gaan die ouderlinge en diakens hulle wyk organiseer sodat

daar meer gestruktureerd na mekaar omgesien kan word.

- Ons wil graag 'n **jongmens-vriendelike gemeente** wees. Daarom het die kerkraad 'n werkgroep vir jongmens-bediening gestig olv ons leier-diaken, Marnus Nel.
- Ons gaan weer **voorafsang** doen olv John-John van Niekerk. Later meer hieroor.
- Die kerkraad beplan 'n **gemeentekamp** en 'n **manne-aand**, en het besluit om die **basaar** na die Lente uit te stel.



Oog-dinge

Ds Jaco gaan hierdie week vir lensvervangings in albei oë. Hy sal (DV) weer van 13 Maart af op sy pos wees.

Dolering

Julle is bewus daarvan dat die kerkraad besluit het om te doleer (te treur) oor die toestand in die NG Kerk. Dit is op die spits gedryf deur die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslag-verhoudings. Ons het ons besluit en kommer aan die Ring, Sinode en Algemene Sinode oorgedra, en sedertdien ook opgehou om ons pro-rata's (sinodale aanslag) te betaal. Daar is nou lidmate wat wonder wat van dié saak geword het, en of ons nie maar net die besluit geneem het om mense te paai nie. Ek wil daarom graag die volgende opmerkings hieroor maak:

Ek was in kontak met die Moreletapark Kairos Netwerk wat saam dink oor die pad vorentoe. Dit was ongelukkig nie 'n goeie ervaring nie. Ek het nie 'n gesindheid van treur beleef nie, maar eerder veglustigheid en selfs woede. Ek dink nie dit is die pad vorentoe nie, veral nie as ons oogmerk is om die verskeurdheid in die kerk te heel nie.

Intussen maak ek kontak met die 15 ander gemeentes in die Vrystaat wat ook gedoleer het, sodat ons saam kan besin oor die pad vorentoe. My persoonlike mening is dat dit wat by die Vrystaat Sinode later vanjaar gepraat en besluit word, vir ons 'n duidelike aanduiding sal gee oor ons eie posisie as gemeente. Ons móét daar ons stem laat hoor en saam met die Vrystaatse Kerk God se leiding soek, nie in 'n gesindheid van woede nie, maar in ootmoed en gebrokenheid.

Jaco Thom

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n

besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Februarie

21 Johan Odendal
22 Ina de Lange
23 Valerie du Plessis
25 Eddie Gower, JG van Loggerenberg ; Gehan Venter
27 Mieke Jacobs



Huwelikshedenkings

Februarie

27 Gerhard & Karen Venter (33j)


Dink spesiaal aan:

- **Marius Stander** (herstel ná ernstige trekker-ongeluk)
- **Meisie Moolman** (opgeneem in hospitaal vir longe en rug)
- **Kobus Moolman** (positief getoets vir Covid-19)
- **Meisie Ferns** (2 are hartomleiding Maandag)
- **Nic Cloete** (in harteenhied)
- **Ds Jaco Thom** en **Jaco Swanepoel** (lensvervangings)

Gebed oor vas in Lydenstyd

oorsprong onbekend

O help ons Here in hierdie Lydenstyd –
om te vas van kritiek en om lofsegging te vier;
om te vas van bitterheid en om vergifnis te vier;
om te vas van kwaadwillige praatjies en om swye te vier;
om te vas van wanhoop en om hoop te vier;
om te vas van kla en waardering te vier;
om te vas van selfsug en om diens te vier;
om te vas van woede en om geduld te vier;
om te vas van selfbejammering en om deernis te vier;
om te vas van ontevredenheid en om dankbaarheid te vier;
om te vas van vrees en om geloof te vier.



<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		